# EDEN TWEEKAMP•BIATHLON

P.O.Box 1131, OUDTSTHOORN, 6620 082-7734901 davesus@telkomsa.net www.edenbiathlon.co.za

*"Eden Sport Federation of the Year 2019"*


2020.11.23

**NOTULE van die Algemene Jaarvergadering van Eden Tweekamp wat gehou is op Maandag 23 November 2020 om 18:00 via ZOOM.**

1 **Opening en verwelkoming**: Die voorsitter, Stephnie McKay wens almal op 'n Zoom platvorm welkom. Dit is die eerste keer dat dit in Eden Tweekamp gebeur maar gelukkig kan ons aanpas by die nuwe norms. Dit is ook vanjaar 'n nie-verkiesingsjaar. Gedurende die jaar het die volgende Bestuurslid bedank: Maurice White. Die voorsitter bedank hom vir sy harde werk.

2 **Presensie:** Presensie word bepaal deur die identifikasie van die deelnemers via Zoom. Presensielys sal bygehou word. Verskonings: Jolinda, Glenwood & Anene.

3 **Finalisering van sakelys:** Affiliasie by Oudtshoorn Sport Inisiatief

4 **Goedkeuring van vorige notule**: Notule is vooraf gesirkuleer. As gelese beskou en eenparig aanvaar.

5 **Sake uit die notule:** Geen

6 **Voorsittersverslag** – Stephnie McKay, Voorsitter, gee die stoel oor aan Dave van der Walt en lewer haar Voorsittersverslag. Dit was ook gesirkuleer om tyd te bespaar. Sy word bedank vir 'n gebalanseerde verslag en dit word eenparig aanvaar. [aangeheg]

7 **Finansiële verslag** – Yvonne McKay/Dave van der Walt dien die geouditeerde Finansiële Verslag in. Dit is 'n lywige verslag en ons dank graag vir Stephanie Koegelenberg van Alice le Roux Inc vir die deeglike werk. Die Bestuur het alreeds die verslag onder oë gehad en goedgekeur.Die verslag kan in baie opsigte misleidend wees omdat die die afgestelde SA Kampioenskappe se sake ook insluit. Neem asseblief net kennis van die volgende:

- Baie van die borge se geld word in die verslag gereflekteer
- Daar is 70% aan alle atlete en provinsies terugbetaal
- Daar is egter ook nog krediteure uitstaande
- Van die fondse deur DCAS is vooraf betaald en reflekteer nou eers in die state.
- Die belangrikste is egter dat EDEN Tweekamp solvent is ten spyte van die verliese wat gedra moes word a.g.v. die afstel van SA2020. Die verslag word aanvaar. Voorsteller: Marius Schlechter. Sekondant: Abby McKay.

Die verslag is egter ter insae by die Operasionele Bestuurder vir enige lid wat belang stel.

8 **Affiliasie en lisensiering : 2020/21**: Affiliasie is steeds R100 en die Registrasie van atlete R80 waarvan R20 oorbetaal moet word aan SA Tweekamp. In 2020 was daar 22 klubs en 326 atlete geregistreer.

9 **Verslag : Gekanselleerde SA Kampioenskappe 2020** – Daar is geen verslag aangesien die span nie kon deelneem nie. In lyn met 'n besluit van SA Tweekamp, is Eden-kleure wel aan alle atlete toegeken wat verkies is om aan die SA2020 deel te neem. Slegs enkeles het voordeel hieruit getrek – die ander het reeds Eden-kleure gehad. Die geskeduleerde 2021 SA Tweekampkampioenskappe is weer aan Eden toegeken en vind plaas op 2/3 April 2021 in Oudtshoorn. Daar is egter baie uitdagings wat voorlê voor daardie tyd. Die LOC werk al geruime tyd weer daaraan aldus Dave van der Walt die organiseerder.

10 **Korrespondensie**: heelwat skrywes is ontvang en gestuur en word op 'n gereelde basies deur die Bestuur hanteer.

11 **Ontwikkeling**: Die ontwikkeling van gestremde atlete asook damesport geniet voorkeur in Eden. Covid 19 het egter verhoed dat die Kapasiteitswerkswinkel kon plaasvind. So ook het van die ontwikkelingsklinieke in die slag gebly. Dit is egter op die beplanningslys om dit in te haal. Die eerste kapasiteitswerkswinkel sal die opleiding in die nuwe rekenaarprogram wees – 11 Des 202 in Durbanville. Die 3 beamptes se onkostes sal deur Eden Tweekamp gedek word.

12 **Skolekompetisie** – aanpassings gemaak en die nuwe reëlngs en reels sal eersdag aan alle skole en klubs beskikbaar gestel word. *The format of the schools competition was changed with requests from certain provinces and also with no Interprovincial meetings this season as decided at the last meeting. Attached the schools competition format for 2020/2021. The biggest change is the number of athletes per age group as well as the total number of athletes per schools team – Gerhard Louwrens*


WIMPY · OUDTSHOORN · Western Cape Government Cultural Affairs and Sport · HIGHGATE OSTRICH FARM · AIFA · CKI · TWEEKAMP SA BIATHLON

13 **Website** : Die nuwe formaat webtusite bied aan al ons atlete en ondersteuners die nodige inligting en word gereeld opgegradeer. Tesame daarmee bied die EDEN Tweekamp FB-blad hope inligting en word dit aktief bedryf.

14 **BYEENKOMSTE**

14.1 **Status van alle Interprovinsiale byeenkomste 2020/21** – afgestel. Provinsies het egter die Vryheid om wel sulke byeenkomste aan te bied. HG word mootlik as 'n Virtuele byeenkoms aangebied of dalk later die later in die September – November siklus.

14.2 **HIGHGATE Interprovinsiaal 2021** [VIRTUEEL?] Oudtshoorn 16 Februarie 2021

14.3 SA Kampioenskappe 2021 Oudtshoorn 2 & 3 April 2021

15 **DATUMBEPALINGS 2020/21** [sien aanghegte skrywe] – word as finaal en eenparig goedgekeur. Marius Shlechter vra of daar al 'n plan is hoe toeskouers by die swem & baan hanteer gaan word. Dave van der Walt antwoord dat diie situasie tans baie vleibaar is en dat gewag sal word tot nader aan die eerste byeenkoms om die status van Covid protokols te bepaal.

16 **Administrasiekoste** -Die administrasiekoste van die Operasionele Bestuurder is alreeds verlede jaar aangepas na R3000 maar hy het versoek dat dit gesien in die moeilike tye R2500 moet bly. Daar word egter besluit om dit met onmiddelike ingang na R3000 aan te pas. Ook die stipendium van die voorsistter word op R3000 gehou. Eenparige besluit.

17 **NUWE PROGRAM** - *WP Biathlon tested the new programme from the first league meeting and last Saturday with the third league meeting everything went according to plan and without any programme issues. We will download the results of EP Biathlon during this week to make sure all is fine. After discussion with the service provider a date will be decided on to discuss the download and the rollout to all provinces. The following are still in developing phase and will be finalised before January 2021:*

- *Ranking of athletes*
- *Schools competition - Gerhard Louwrens*

18 **VAKATURE** - koöptering van

18.1 Vise-Voorsitter: Nominasies ontvang – Annelie Grabe en as sulks gekoopteer.

18.2 Ontwikkelingsbeampte: Nominasies ontvang: Abbigail McKay en as sulks gekoopteer.

19 **Mosies:** Geen ontvang

20 **Aanwys van ouditeure**: Alice le Roux Inc word weer voorgestel en algemeen aanvaar.

21 ALGEMEEN

21.1 Affiliasie Oudtshoorn Sport Inisiatief – daar word besluit om by die liggaam te affilieer.

Die vergadering verdaag om 18:50. Die voorsitter bedank almal vir hulle ywer en passie vir die sport asook die besondere bydrae gelewer deur die operasionele bestuurder. Ons leef in groot onsekerheid maar verseker ook in 'n opwindende tyd.

Dave van der Walt
Operasionele Bestuurder

Stephnie McKay
Voorsitter